PROVINSIALE KENNISGEWING 280 VAN 2022

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKELS 17(1) EN 17(15) VAN DIE RUSTENBURG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIKBESTUURS VERORDENING, 2018 VIR 'N VERANDERING VAN DIE GRONDGEBRUIKSREGTE BEKEND AS 'N HERSONERING. RUSTENBURG WYSIGINGSKEMA 3078.

Jan-Nolte Ekkerd van die firma NE Town Planning BK, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 867 en Gedeelte 1 van Erf 889, Rustenburg, Registrasie Afdeling J.Q., Noord-Wes Provinsie, gee hiermee ingevolge, Artikel 17(1)(d) van die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur Verordening, 2018 kennis dat hy by Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die verandering van die grondgebruikregte, ook bekend as die hersonering van Erf 867 en Gedeelte 1 van Erf 889, Rustenburg vanaf “Industrieël 1” na “Industrieël 1” insluitend ‘n groothandel drank onderneming onderworpe aan sekere voorwaardes soos omskryf in Bylae 3078 tot die Skema. Die eiendomme is geleë te Joubertstraat 64 en 64a Rustenburg onderskeidelik. Die aansoek behels A) dat die eiendomme gekonsolideer gaan word en die voorgestelde geskonsolideerde eiendom gebruik mag word vir alle gebruike in terme van die “Industrieël 1” sonering en ‘n groothandel drank onderneming. B) Al die aangrensende eiendomme asook ander in die omgewing kan moontlik deur die hersonering geraak word. C) Die hersonering vanaf hulle huidige sonerings na “Industrieël 1” insluitend ‘n groothandel drank onderneming behels dat nuwe geboue gebou sal word en gebruik sal word vir doeleindes soos hierbo genoem. Bylae 3078 bevat die volgende ontwikkelingsparameters, Maks dekking: 75%, Maks VOV: 0.65 en Parkeer Ratio van 2 parkeerplekke per 100m². Enige besware of kommentaar, met gronde daarvoor asook kontakbesonderhede, kan gebring word binne ‘n tydperk van 28 dae vanaf die eerste datum waarop die kennisgewing verskyn het na die Munisipaliteit: Kamer 319, Missionary Mpheni House, h.v. Nelson Mandela en Beyers Naude Rylane, Rustenburg, of na Posbus 16, Rustenburg 0300. Besonderhede en planne (indien enige) is beskikbaar vir inspeksie gedurende gewone kantoorure by die bovermelde kantore, vir ‘n tydperk van 28 dae van die datum van eerste publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale Gazette, Beeld en Citizen en/of terrein kennisgewing. Sluitingsdatum vir enige besware: 3 Mei 2022**.** Adres van applikant: 155 Kockstraat, Suite 203, De Dak, Rustenburg 0299 of NE Stadsbeplanners BK, Posbus 21139, Protea Park, 0305; Telefoon nr: 014 592 2777. Datums waarop kennisgewings gepubliseer word: 5 en 12 April 2022.

5-12